ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

2. HERKENNING VAN DIE SIMPTOME VAN WINGERD-ROLBLAARSIEKTE IN SUID-AFRIKA

2.2 Wit druif kultivars

In druiwe met wit korrels is die simptoomuitdrukking van wingerd-rolblaarsiekte lig en dit kan dikwels nie waargeneem word nie.

'n Paar kultivars (Chardonnay, Cape Riesling, Semillion) sal ligte geel of chlorotiese vlekke op die oppervlak tussen die blaar-are wys (Fig. 1), wat in sommige gevalle (bv. Chardonnay) mag voortgaan totdat die blaarrande na onder begin krul (Fig. 2).



Figuur 1: Chlorotiese vlekke op 'n blaar van 'n wit korrel *Vitis*-kultivar wat met rolblaar besmet is. (Beeld: E. Jooste, LNR-NIPB)

Figuur 2: Rolblaarsiekte op Chardonnay. Let op na die duidelik sigbare krul van die blaarrande na onder. (Beeld: R. Carstens, LNR Infruitec-Nietvoorbij)

Indien simptome op hierdie kultivars waargeneem word, is die plante in die algemeen reeds swaar besmet.

In sommige kultivars (Sauvignon blanc, Riesling) word ooglopende simptome nooit deur die siekte uitgedruk nie en kan dit regdeur die verloop van die siekte as latent beskou word.

Dit is nie presies bekend hoe lank die latente periode van die siekte in wit druif kultivars is nie, maar dit verskil heel moontlik na gelang van die ouderdom van die stok wanneer dit besmet is, of die stok deur witluis of deur besmette bostok- of onderstokmateriaal besmet is, en verskeie omgewingstoestande. Dit is egter waarskynlik ten minste een seisoen.

2.3 Onderstokke:

Onderstokke (bv. *Vitis riparia*, *V. rupestris*, *V. berlandieri*, *V. champini*, en kruise daarvan, bv. Richter 110, Richter 99, LN-33, 101-14 Mgt) druk geen simptome van rolblaarbesmetting uit nie, maar kan die virus (GLRaV-3) huisves (Fig. 3).

Figuur 3: Geen simptome word deur die R99-onderstok uitgedruk nie, maar die bostok wys egter erge rolblaarbesmetting. (Beeld: K. Snyders, Universiteit van Pretoria)

Die virus kom gewoonlik in lae konsentrasies en/of onreëlmatig versprei in die onderstok materiaal voor.

Die aard van besmetting van onderstokke is voor die hand liggend wanneer nuwe gesonde bostok materiaal (Fig. 4) op ou onderstokke van 'n wingerd wat voorheen met rolblaarvirus besmet was, geënt word. Hierdie is 'n praktyk wat vermy moet word.

Figuur 4: Die uitdrukking van die simptome van rolblaar siekte in bostok materiaal wat op onderstokke van 'n ou wingerd geënt is. (Beeld: G. Pietersen, LNR-NIPB)

Hierdie navorsing is befonds deur

WINETECH

Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch
Outeur: Prof Gerhard Pietersen, Universiteit van Pretoria / LNR-NIPB